# LAERSKOOL FRANS CONRADIE

'N WAARDEGEDREWE SKOOL
WAT LEIDING NEEM IN
GEBALANSEERDE
FC
OPVOEDING
TEN OPSIGTE VAN
AKADEMIE, SPORT EN KULTUUR

FRANS CONRADIE
WAARHEID

# 2025

# JAARVERSLAG

# LAERSKOOL FRANS CONRADIE
## J A A R V E R S L A G 2025

## 1. Aanbieding deur skoolhoof

### 1.1 Inleiding

Geagte seremoniemeester, eregaste, ouers, personeel en leerders: Dit is vir my ‘n ongelooflike groot voorreg om as die skoolhoof van hierdie uitstekende skool, Laerskool Frans Conradie ‘n jaarverslag van die gebeure van ons skool gedurende 2025 te lewer. Dit is vir my ‘n groot eer om aan die stuur te staan van ‘n skool soos Laerskool Frans Conradie en ek onderneem steeds om my beste te gee vir ons skool en almal hieraan verbonde. Ek weet dat dit baie verantwoordelikheid en wysheid verg, maar geen taak sal ek aanpak sonder om ons Skepper se wil daarin te soek nie.

As ons terugkyk na die jaar wat verby is, kan ons nie anders as om in diepe nederigheid en dankbaarheid al die lof aan ons Hemelse Vader te gee nie. Ons personeel se tema vir die jaar was “Ebenhaeser – Tot hiertoe het God ons gehelp”. En dit kan ons heelhartig uitbasuin, want God het werklik in ons daaglikse brood voorsien en ons elke dag geseën met sy teenwoordigheid. Dit te midde van onseker tye oor finansies, postevoorsiening, wetgewing en allerlei algemene tendense in ons land.

Dit is my twaalfde jaar by Laerskool Frans Conradie en derde as skoolhoof. Oor hierdie jare is ons geseën met ongelooflike prestasies. Soveel so dat die prestasies eintlik verwag en vanselfsprekend aanvaar word, maar die geheim is om dit eerder te waardeer en te besef wat alles ingesit word om te bereik wat ons doen.

Aan elkeen wat onbaatsugtig, sonder eie gewin, dag in en dag uit voorbereiding doen, ondersteun, afrig en die ekstra myl stap, wil ek hulde bring en u verseker dat dit nie ongesiens verbygaan nie.

Ons glo in elke kind se potensiaal en wil dit bereik deur die holistiese ontwikkeling van elke leerder. Ons streef na ‘n balans tussen akademie, sport, kultuur en sosiale vaardighede en vestig ons Christelike waardes op elkeen van hierdie terreine as kern. Dit maak ons ook ongelooflik trots om te sien hoe ons oudleerders op alle terreine presteer in die onderskeie hoërskole en in die samelewing: Trotse Fransies waar die Waarheid altyd seëvier.

Ons skool se grootste uitdaging is die finansiële implikasies wat die huidige ekonomiese omstandighede op ons skoolfonds het. Ons is deeglik bewus van die enorme druk waaronder die meeste van ons ouers verkeer, maar ons kinders is ons toekoms se grootste bate en daarom moet skoolfonds ons ouers se eerste prioriteit wees. Alhoewel ons swaar trek, weier ons om te kompenseer vir die kwaliteit wat ons leerders ontvang en daarom word daar in alles heel eerste na hul belang omgesien. Die personeel is deeglik bewus dat hulle nie vir mense werk nie, maar vir God. Om hierdie rede lewer elkeen van hulle hul beste, want hulle weet hulle is besig met Koninkrykswerk. Die Beheerliggaam het weer deeglike beplanning en maatreëls oorweeg en in plek gestel vir volgende jaar en ons hoop en glo dat ons situasie sal verbeter. Ons bedank die ouers wat die Algemene Begrotingsvergadering op die 28ste Oktober bygewoon het. Hierdie ouers het geleentheid gehad om insette te lewer, maar meer belangrik, om ingelig te wees. Die belangrikste is egter dat die skoolfonds minimaal styg met 4,3% na R1 440 per maand. Een feit bly egter vasstaan en dit is dat ons weier om enigsins ons kinders te laat benadeel deur hierdie uitdagings; daarom ontvang hulle elke dag die beste wat daar is.

Ons ouers moet elkeen daardie besluit maak of u u kind “maar net in nog ‘n skool wil plaas” en of u u kind in **dié** skool wil plaas. Ons is almal interafhanklik van mekaar en moet hande vat om ons na nog hoër hoogtes te neem. Frans Conradie se kultuur, sport, akademie, infrastruktuur, waardes en opvoeders is van die beste wat u sal kry en ver bo die algemene standaard.

Ons tweede uitdaging is die veelbesproke Bela-wetgewing wat enorme implikasies vir skole soos wat dit tans is, inhou. Daar is op hierdie stadium fasette van die wetgewing waarvoor daar nog nie duidelike riglyne is nie soos onder andere graad R wat nou deel is van die formele en verpligte onderrigfase.

Alles daar buite waaraan ons en ons kinders elke dag blootgestel word, is negatief. Hulle hoor en sien net die lelik van die lewe. Wat moet hulle dan hoop gee? Hoop vir die hede en die toekoms? In Laerskool Frans Conradie is ons positief en fokus ons op die mooi en die goeie, m.a.w. hier probeer ons vir ons kinders hoop gee, liefde gee om eendag goeie landsburgers te kan wees. Ons leer hulle dat jy niks kan aanpak sonder dat jy die wil van die Here daarin soek nie. Maar in die proses erken en respekteer ons ook ander gelowe, kulture en tale en hanteer dit met die nodige sensitiwiteit.

## 1.2 Personeel

Eise aan ons onderwysers raak elke dag meer en meer. Dit is nie net administrasie, dissipline en kurrikulum nie, maar ook toenemend gevalle waar onderwysers emosionele bystand aan leerders moet gee. Dit gebeur omdat die juffrou of meneer in baie gevalle die enigste persoon is met wie daardie kind kan praat en waar hy /sy veilig genoeg voel om oop te maak. Dit is ‘n risiko vir onderwysers en moet met die grootste omsigtigheid

hanteer word. ‘n Feit wat nie oorbeklemtoon kan word nie is die ongelooflike passie wat ons personeel openbaar vir onderwys. Hul roeping is hul trots en daarom kan ek met lof praat van hul pligsgetrouheid, omgee en liefde vir elke leerder en algehele toewyding teenoor ons skool. Ons eerste prioriteit is en sal altyd uitnemende onderrig en leer (akademie) bly – dit natuurlik in totale oorgawe aan ons Skepper.

Ons het heelwat personeelskommelinge gehad die afgelope jaar. Mevrou Penny Emmanuel het as adjunkhoof by ons aangesluit en mev. Izma Simpson as nuwe graad 3 juffrou. Mnr Hanre Coetzee het deur die jaar by ons aangesluit as student. Mej. Lynique Deyzel sluit ook weer in die nuwe jaar by ons aan nadat sy vir ‘n paar maande ander waters getoets het. Ons glo dat julle die beste internskap hier by ons sal ontvang en sodoende ‘n bate vir die onderwysberoep sal wees.

Op ons voorlopige personeelvoorsiening het ons een bykomende pos van die DBO ontvang. Ons wag nou in spanning of dit so sal bly op die finale voorsieningskaal.

Mejj. Meagan Momberg en Danielle Marais gaan volgende jaar nie meer as studente nie, maar as onderwyseresse deel word van ons span. Onderskeidelik in die hoedanigheid van graad 1 assistent en ook help met graad R en 1 se remediering en as graad 7 klasonderwyser. Mnr. Rassie Smith wat die afgelope 3 maande saam met oom Pottie gewerk het as nuwe terreinbestuurder het mooi aangepas en deel geword van ons Fransiefamilie.

Mnr Ferreira het ‘n welverdiende bevordering as skoolhoof van HSD gekry. Mnr Charl Basson het vir ons uitgehelp in mnr Ferreira se plek. Mnr Brendan Human het ‘n permanente departementele aanstelling in die Weskaap aanvaar. Ons wens hom alle sterkte toe en is dankbaar vir die verskil wat hy gemaak het in ons skool. Mev. Beanca van Greunen moes weens operasionele vereistes ons verlaat. Vir haar wil ons ook bedank vir haar insette by ons skool. Aan die einde van die jaar tree mev. H. Dippenaar af en ons wens haar alle sterkte toe vir die nuwe hoofstuk in haar lewe. Sy is baie geliefd en sal definitief gemis word. Baie dankie vir die goeie diens van 20 jaar wat u aan ons skool gelewer het en die empatie wat elke leerder deur u hande ontvang het.

Ons geliefde oom Pottie lê ook die tuig neer na 23 jaar as die oupa, pa, oom, vriend en terreinbestuurder van ons skool. Oom laat diep spore na en oom se nalatenskap is iets wat nie baie persone sal regkry nie. Geniet die afgetrede lewe saam met tannie Rien (dankie dat tannie vir oom Pottie so lank vir ons geleen het).

Baie geluk aan juffrou Janeke Viljoen wat geboorte geskenk het aan hul seuntjie, Joubert, ons is almal saam met julle opgewonde oor hierdie klein wonderwerk.

Dit is belangrik om te onthou dat onderwys die beroep is wat alle ander beroepe vorm en dit is die rede waarom ons onderwysers so reuse taak op hul skouers dra.

*Die personeel sien as volg daaruit*:

| | | |
|---|---|---|
| Skoolhoof: | Mnr. Z.J. Grobler | |
| Adjunkhoof: | Mev. P. Emmanuel | |
| Departementshoofde: | Vakant – Intermediêr en Seniorfase | |
| | Mev. K. Turner – Grondslagfase en Sias | |
| Graadhoofde: | Gr. RR | Mev. S. Swanepoel |
| | Gr. R | Mev. C. Rademeyer |
| | Gr. 1 | Mev. M Schoonraad |
| | Gr. 2 | Me. M. Smit |
| | Gr. 3 | Mev. E. Diedericks |
| | Gr. 4 | Mev. J. Viljoen |
| | Gr. 5 | Mev. D. Olivier |
| | Gr. 6 | Mev. L. Stander |
| | Gr. 7 | Mev. J. Strydom |
| Leerkragte: | Gr. RR | Mev. S. Swanepoel |
| | Gr. R | Mev. C. Rademeyer |
| | | Mev. C. Botes |

| | | |
|---|---|---|
| | Gr. 1 | Mev. M. Schoonraad |
| | | Me. B. Timms |
| | | Me. S. Botha |
| | Gr. 2 | Me. M. Smit |
| | | Me. K. Senekal |
| | | Mev. E. van Niekerk |
| | Gr. 3 | Mev. E. Diedericks |
| | | Me. M. Van Jaarsveld |
| | | Mev. I. Simpson |
| | Gr. 4 | Mev. J. Viljoen |
| | | Mev. H. Dippenaar |
| | Gr. 5 | Mev. D. Olivier |
| | | Mnr. L. du Toit |
| | Gr. 6 | Mev. L. Stander |
| | | Mnr. A. Mattheus |
| | | Mev. K. Erasmus |
| | Gr. 7 | Mev. J. Strydom |
| | | Mnr. E. van Tonder |
| | | Me. D. Marais |

| | |
|---|---|
| SASAMS | Mnr. E. van Tonder / Me. S. Botha |
| Rekenaars en Robotika: | Mnr. A. Mattheus |
| Musiek: | Mev. T. Gerber |
| Biblioteek en SIAS: | Mev. P. Fourie |
| Admin: | Mev. C. Esterhuizen<br>Mev. O. Fourie |
| Faktotum: | Mnr. H. Potgieter<br>Mnr. J. Erasmus |
| Sielkundige: | Me. M. Ackerman |
| Studente: | Me. K. Gouws<br>Mnr. T. Van Huyssteen<br>Mnr. D. Hugo<br>Mnr. C. Leonard<br>Me. L. Deyzel<br>Mnr. J. Badenhorst<br>Mnr. D. Lotriet<br>Me. D. Marais<br>Me. M. Momberg |
| Skoonmakers: | Mnr. F. Ranisi<br>Mnr. I. Blou<br>Mnr. R. Maaijer<br>Mev. M. Baartman<br>Mev. B. Kosi<br>Mev. V. Mayer |

**<u>Nasorgpersoneel</u>**

| | |
|---|---|
| Hoof: | Mev. L. Nortje |
| Assistente: | Mev. L. Minnie<br>Mev. A. Human<br>Mev. L. du Plessis<br>Mev. N. Starbuck<br>Mev. C. Boshoff<br>Me. D. Kitching<br>Mej. G. Altichiero<br>Mej. M. Boshoff |
| Skoonmaakster: | Mev. C. Pezisa |

## 1.3 Beheerliggaam

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Mnr. W. Steffens |
| Ondervoorsitter | : | Mnr. J. van der Berg |
| Tesourier | : | Mnr. D. de Ridder |
| Ouers | : | Mnr. S. Lambrechts<br>Mev. D. Erasmus<br>Mnr. L. Roodt (Gekoöpteer)<br>Mnr. E. Swanepoel (Gekoöpteer) |
| Sekretaresse | : | Mev. C Esterhuizen |
| Personeel | : | Mev. L. Stander<br>Mev. K. Turner |
| Skoolhoof | : | Mnr. Z.J. Grobler |

Baie dankie vir die tyd, ondersteuning en onbaatsugtige diens wat u aan ons skool lewer. U is van onskatbare waarde vir ons skool en kry nie altyd die nodige krediet nie. Dankie vir elke dapper besluit wat gemaak word met die skool as prioriteit en die leerder se belang voorop gestel.

Mnre. Van der Berg en Lambrecths maak aan die einde van die jaar klaar omdat hulle laaste spruit dan klaar is met graad 7. Ons wil u bedank vir die toewyding en lojaliteit tot ons skool terwyl u op die Beheerliggaam gedien het. Sterkte op die pad vorentoe.

Ons sal vroeg in 2026 ‘n tussenverkiesing hou om die twee vertekkende lede se posisies te kan vul.

## 1.4 Getalle:

Ons het tans 612 leerders. Ons streef daarna om ons getalle so rondom 620 te hou. As skool is ons geweldig trots op al ons leerders. Meer oor hul prestasies verskyn in hierdie verslag.

## 1.5 Bedankings:

- Ek wil eerstens die belangrikste komponent bedank en dit is ons Hemelse Vader. Spreuke 16:3 Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word. Dit bly ons riglyn.
- Baie dankie aan al ons sake-ondernemings en instansies vir u volgehoue ondersteuning.
- Ons borge en donateurs (aangeheg) vir u oop hand en vrygewigheid. Ons het veral hierdie afgelope jaar ongelooflike ondersteuning ontvang. Ons waardeer dit opreg.
- Die Christelike- en Kerkinstansies, Ondersteuningsorganisasies en Gebedsgroepe wat ons skool mildelik help en voorbidding vir ons doen.
- Groot dank aan ons groepie mammas wat elke dag vir ons behoeftige leerders broodjies voorsien. Ons weet dit kos u ‘n klomp geld, maar ook dat u dit doen omdat u omgee.
- Mev. Crowley, ons EDO van die DBO wat ons baie goedgesind is en altyd beskikbaar is om te help asook verskeie amptenare met wie ons al ‘n goeie verhouding opgebou het.
- Ons buite-afrigters (mnre. Bosch, Mulder, Du Preez, Brown en Van Rooyen), dankie vir u toegewydheid. U doen dit uit ‘n passie vir die sport en liefde vir kinders. Ons waardeer u insette.
- ’n Spesiale woord van dank aan Despatch Tennisklub vir die gebruik van die tennisbane.
- Oom Pottie en oom Rassie en ons span werkers. U is verantwoordelik vir die sigbare beeld van ons skool na buite, baie dankie vir al die harde werk.
- Mnr. M. Brown en J. Snyman vir die diens in die snoepie.
- Mnr. R. Trosee vir die diens uitstekende diens as fotograaf.
- FOV en Klub 50 wat deur die ouers van die leerderraad gedryf word, wil ons hartlik bedank vir die reuse bydrae wat u lewer om ons skool ‘n beter skool te maak. Dankie aan die onderskeie komiteebesture wat ongelooflik baie tyd insit in beplanning en organisering. U het u regtig goed van u taak gekwyt gedurende 2025. Ek wil hier ‘n uitsondering maak en spesiaal vir mnr JJ van Niekerk bedank vir die nuwe lewe en kreatiwiteit wat hy en sy komitee in Klub 50 te weeg gebring het.

- Ons uitstekende Nasorgpersoneel o.l.v. mev. L. Norje vir alles wat u vir ons leerders doen na-ure.
- My twee staatmakers en eerste beeld van ons skool, die sekretaresses. Dankie vir die ondersteuning en groot omsigtigheid waarmee u die taak van die kantoor beman.
- Ons skole op Despatch en omgewing teen wie ons meeding, maar ook aan die onderskeie Hoërskole vir die goeie gesindheid wat daar heers tussen ons.
- Ons leerders van ons pragtige skool, Laerskool Frans Conradie. Julle is ons trots. Laat die Waarheid seëvier in jul lewens.
- Die Beheerliggaam vir u onbaatsugtige, soms ondankbare, werk en baie tyd wat u insit om ons skool se belange op die hart te dra.
- Baie dankie aan ons ouers wat ons skool deur dik en dun ondersteun en trots is om deel van die Fransiefamilie te wees. Spesiale dank aan ons ouers wat meer as hul deel doen, sonder u kan ons nie doen wat ons doen nie. Daar word soveel skenkings gemaak, dinge gereël en dienste gelewer, ons waardeer dit.
- Personeel, wat kan ek sê? Saam is ons ‘n wenspan. Ek weet ek kan net so sterk wees soos wat my span my maak. Daarom wil ek baie dankie sê vir die groot respek waarmee ons mekaar kan hanteer, dankie vir die harmonie wat daar heers, dankie dat u gelukkig lyk al kry almal nie altyd vol salarisse nie. Dankie dat u u passie en liefde vir kinders uitleef en ons skool en sy leerders altyd eerste stel. Dankie vir u professionaliteit en ekstra wat u insit sonder om ooit te kla. Dankie vir jul integriteit, lojaliteit en positiwiteit. U maak my taak soveel makliker omdat ek weet elkeen doen wat hy moet. En die belangrikste, dat u inkoop en my ondersteun in dit wat ons vir ons skool wil bereik. U is werklik dinamies en ek is ongelooflik trots daarop.
- Een ding wat ek gou agtergekom het hierdie afgelope jaar is dat as jy toegewyd tot jou skool is, dit onafwendbaar is om nie jou gesin tot ‘n mate af te skeep nie. Baie dankie dat julle verstaan waaroor dit gaan en dat ons verseker kan wees dat ons daar is vir mekaar. Aan my vrou, met soms dieselfde uitdagings, dankie dat ons bymekaar kan afpak en ondersteun en nog steeds alles in ons vermoë doen om ons eie kinders te gee wat hulle toekom.

**1.6 <u>Een en ander:</u>**

Laerskool Frans Conradie het uitstekend gevaar op vele terreine: Ons het ‘n groot groep verteenwoordigende spelers in die Uitenhage streekspan vir rugby gehad, ons leerders wat redenaars praat het met groot getalle vermeerder en ongelooflik goed gedoen, ons netbalspanne het goed presteer, ons atlete het weereens presteer, krieket was kompeterend. Ons het heelwat provinsiale verteenwoordigers in skool – en buite-skool sport gehad. En so kan ek aangaan oor elke fasset van ons skool, maar meer daaroor in die verslag.

Ons Robotika en Kodering is volstoom by ons kurrikulum infaseer en ons leerders het al aan verskeie kompetisies deelgeneem. Ons biblioteek is weer vol aktief en die vereiste leesbeleid word geimplementeer. Die leerders maak mildelik gebruik van die biblioteek en dit is baie leerdervriendelik ingerig.

Die projekte wat die personeel aangepak het word nog steeds suksesvol bedryf. Hieronder val ons aktiewe Facebook-, Instagram- en TikTokprofiele asook ons skitterende webblad waar daar vanaf enige plek in die wêreld duidelik gesien kan word waarvoor ons skool staan. Ons kinders het ons weeklikse Lofprysingperiode met soveel oorgawe geniet dat ons nie durf waag het om dit te mis nie. Dan het ons ook getrou “Dankbare Donderdae”, waar die week se geestelike boodskap weer voorgehou is en “Musikale Maandae”, waar ons musiekleerders hul talent op die verskillende instrumente ten toon gestel het, geplaas. Intussen het ons hierdie jaar ook Dinsdagdenke, met voedsel vir die siel boodskappies, en Wikkelwoord Woensdag (ter viering van ons pragtige taal, Afrikaans, se honderdjarige bestaan ingebring. Ek probeer ook deur my Vasbyt Vrydae se stemboodskap ons ouers so ingelig moontlik te hou oor gebeure by ons skool.

Ons skool is uiteindelik kant en klaar geverf, die dakke geseel, die graad RR klaskamer se dak en vloer is herstel, die verspringput en vierkant netbalbaan pragtig oorgedoen en die saal is nou bykans klaar met nog net die agtsterste gordyne wat gedoen moet word. Die senior seuns en dogters asook die graad 2 badkamers is netjies oorgedoen. Aandag is gegee aan advertensieborde, kennisgewingborde, skool naamborde en tuintjies. Baie besprekings en beplanning is gedoen om on Nasorg na ‘n nuwe vlak te neem. Ons glo dat die verandering in 2026 positief ontvang sal word.
Ons het al mooi gevorder met die sekuriteit en veiligheid van ons skool en terrein. Ons het darem intussen verneem dat ons op die DBO se lys is om ‘n omheining te ontvang, maar wanneer dit gaan gebeur is ‘n ope vraag. Die spoedhobbels is opgerig in Bothastraat wat ‘n baie groot kalmerende effek het op verkeer.

Die Groenprojek loop nog goed en die Jesusweek, VCSV, Huis Najaarbesoeke deur die leerderraad, kompetisies, fondsinsamelings, toere en uitstappies sorg vir groot opgewondeheid en word goed ondersteun. Ons eerste “Waar in die wêreld” vasvrae was ‘n groot sukses en ons beplan om dit volgende jaar nog groter te maak.

Met dit wat ons tot ons beskikking het en skenkings van ons ouers en ondersteuners gaan ons, deur genade, voluit vorentoe.

Ons het groot belangstelling gekry met die aanskaf van hoedjies en hemde vir ons ondersteuners asook kombersies vir die leerders teen die winterkoue.

My leuse vir ons skool se kompetisies van watter aard ookal is: Wen is goed. Deelname is beter. Om te geniet is die beste! By ons is elke leerder wat probeer 'n wenner, al kom jy laaste! Neem net deel.

Ons leerders en skool het gedurende die jaar baie blootstelling gekry op Facebook, WhatsApp en Instagram. Maandagoggende is groot ophef in die saal gemaak van al ons presteerders en verder het ek u so op hoogte as moontlik gehou met die weeklikse stemboodskappe en kwartaallikse omsendskrywes. Elke afdeling van ons skool word ook dan verder in hierdie verslag gedek.

As ons terugkyk na die jaar wat verby is, kan ons nie anders as om in diepe nederigheid en dankbaarheid al die lof aan ons Hemelse Vader te gee nie. Ons personeel se tema vir die jaar was "Fransies trots Afrikaans", so het ons ook aan ons trotse taal Afrikaans die blootstelling gegee wat dit verdien. Ons kern Bybelteks vir die jaar was 1 KORINTIËRS 13:1 Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.

In Laerskool Frans Conradie se pakkie is daar nie 'n ek nie, net ***"ons"!***
Hier is ONS kinders GELUKKIG! Ons is TROTSE Fransies waar die WAARHEID altyd seëvier.

Ek dank u.

**Skoolhoof: Mnr. Z.J. Grobler**

## 2. Boodskap deur Voorsitter van Beheerliggaam

Eerstens wil ons dankie sê aan ons Hemelse Vader. Sonder Sy genade, beskerming en leiding sou niks moontlik gewees het nie. Hy het ons deur die jaar gedra, deur uitdagings en vreugdes, en ons die krag gegee om elke dag met dankbaarheid en vasberadenheid aan te pak.

'n Spesiale woord van dank aan **Mnr. Grobler en sy personeel** – vir al die ure wat julle opoffer, selfs oor naweke en in vakansies, wanneer julle eintlik tyd kon spandeer saam met julle families. Julle toewyding, geduld en liefde vir hierdie kinders maak Frans Conradie nie net 'n skool nie – maar 'n huis vol hart. Dankie dat julle altyd die ekstra myl stap vir die groei en ontwikkeling van ons leerders.

As die voorsitter van die beheerliggaam wil ek ook graag my dank en waardering uitspreek teenoor my span – die mense wat dikwels agter die skerms werk. Julle insette, julle tyd, en julle lojaliteit teenoor die skool gaan nie ongesiens verby nie. Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om saam met julle as 'n span te werk, met een doel: om die kinders van Frans Conradie die beste moontlike geleenthede te gee.

---

### 🌟 'n Spesiale dank aan almal betrokke by vanaand

Ek wil ook 'n groot dankie sê aan elke personeellid, ouer en vrywilliger wat betrokke was by die **beplanning en organisering** van vanaand se prysuitdeling.
Die aand soos hierdie gebeur nie vanself nie – dit verg baie ure van harde werk, voorbereiding en samewerking.

Dankie aan die span wat gesorg het vir die **opmaak en versiering van die saal** – julle het dit pragtig gemaak en werklik 'n atmosfeer geskep wat die trots en gees van Frans Conradie weerspieël. Julle toewyding en oog vir detail dra groot by tot die sukses van vanaand.

---

🌈 **Boodskap aan ons graad 7's**

Aan ons graad 7's wat vanjaar afskeid neem – julle staan op die drumpel van 'n nuwe hoofstuk. Julle is nou gereed om die wye wêreld van hoërskool aan te pak.
Onthou, die pad vorentoe gaan nie altyd maklik wees nie, maar wat julle hier geleer het – **respek, harde werk, eerlikheid en nederigheid** – sal julle dra.
Dink terug aan die dae van Frans Conradie met 'n glimlag, en onthou altyd: **'n ware Fransie gee nooit op nie!**

Ons is trots op wie julle geword het, en ons sien uit om te hoor van al die wonderlike dinge wat julle in die toekoms gaan bereik. Julle bly vir altyd deel van die Frans Conradie-familie.

---

✨ **'n Woord van inspirasie uit God se Woord**

In 1 Korintiërs 13 vers 13 staan daar:

*"En nou bly geloof, hoop en liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."* ❤️

Mag hierdie woorde julle herinner dat wat ons ook al doen, ons dit altyd met **geloof in onsself, hoop vir die toekoms, liefde vir ander en nederigheid in ons harte** moet doen.

---

Mag vanaand se prysuitdeling vir elke leerder, ouer en onderwyser 'n herinnering wees dat harde werk altyd vrugte afwerp, en dat God se hand altyd oor ons skool is.

**3. Frans Conradie Ondersteuners Vereniging (FOV) 2025**

Die Frans Conradie Ondersteunersvereniging (FOV) het in 2025 uit die ouers van die huidige Leerderraad bestaan. Hierdie toegewyde groep ouers het deur die jaar nou saam met die personeel gewerk om verskeie fondsinsamelingsprojekte suksesvol te beplan en uit te voer.
Elke jaar bring nuwe ouers vars idees en kreatiewe energie na die vereniging, en 2025 was geen uitsondering nie. Die FOV het voortgegaan om 'n leidende rol te speel in die beplanning en uitvoering van die skool se gewildste projekte, namens die Trolleydash en Wildslootjie-kompetisies. Hulle het ook met groot sukses die kosverkope tydens verskeie skoolfunksies hanteer, asook kleiner fondsinsamelings soos die verkoop van blitz bokse.
Vanjaar het die FOV vier groot projekte aangepak – die Valentyns-pretdag, die "Kids Rock" konsert, die Pa-en-Dogter-aand, en die gewilde Knipmes- en Spit-aand. Elke projek is uitstekend ondersteun deur die gemeenskap en het as groot hoogtepunte op die skoolkalender uitgestaan. FOV sluit hierdie jaar af op 'n hoë noot met die opwindende Trivia-aand wat deur Jacques Arendt aangebied word einde November.
Die FOV vervul 'n onontbeerlike rol agter die skerms in die generering van fondse en die ondersteuning van skoolaktiwiteite. Die personeel en leerders spreek opregte waardering uit vir hul entoesiasme, harde werk en die gesindheid waarmee hulle elke taak aanpak.
'n Hartlike dank aan al die FOV-lede vir 'n uiters suksesvolle en opwindende jaar. Julle betrokkenheid, kreatiwiteit en samewerking maak 'n merkbare verskil aan ons skoolgemeenskap. Ons sien met groot verwagting uit na nog 'n produktiewe en inspirerende jaar saam met die volgende FOV-span.

**4. Nasorgsentrum**

Die Nasorgsentrum groei steeds van krag tot krag en ons versorg tans 'n gemiddelde getal van 130 leerders. Die ouers, leerders en personeel is soos een groot familie en ons streef daarna om die leerders se belange altyd eerste te stel en dit soos 'n tweede tuiste vir hulle te maak.

Daar is 3 verskillende opsies wat ouers kan uitoefen met verskillende tariewe.

**Opsie 1:** **Voltyds** - middagete, versnaperinge en koeldrank in die middae, huiswerk en toesig asook beskikbaarheid gedurende skoolvakansies.

| | |
|---|---|
| **Opsie 2:** | **Kwartaalliks** – hierdie opsie sluit nie etes in nie. Slegs ‘n versnapering en koeldrank in die middae, huiswerk en toesig asook beskikbaarheid gedurende skoolvakansies. |
| **Opsie 3:** | **Wagklas** – is vir die ouer wat net een keer skool toe wil ry, maar meer as een kind in die skool het. Die jonger kind wag dan in die Nasorgsentrum totdat die skool verdaag en die ouer beide kinders kom haal. Die tye is vanaf 12:15 tot 15:00. |

Die Nasorgpersoneel bestaan tans uit die volgende persone:

| | |
|---|---|
| **Hoof:** | Mev. Lucille Nortje |
| **Assistente:** | Mev. Lydia Minnie<br>Mev. Guerrin Altichiero<br>Mev. Lynette du Plessis<br>Mev. Adri Human<br>Mev. Debbie Kitching<br>Mev. Natalie Minnie<br>Mev. Chantelle Boshoff<br>Mev. Megan Boshoff<br>Mev. Esme Neveling |
| **Skoonmaakster:** | Mev. Constance Pezisa |

Ouers kan gerus wees in die wete dat die personeel by die Nasorgsentrum altyd die veiligheid en geluk van hul kosbaarste besitting, hul kinders, op die hart dra.

Die Nasorgsentrum is selfonderhoudend en alle uitgawes word uit die nasorgfooie betaal. Die sentrum is aanvanklik begin om meer leerders vir die skool te trek. Hierdie doel is lankal reeds verwesenlik en ons probeer tans om werklik vir ouers gemoedsrus te gee ten opsigte van hul kinders se veiligheid en versorging na skool.

Dit is dan ook die rede waarom Laerskool Frans Conradie bekend staan as die “Eenstop-skool”. Ouers besorg hul kinders soggens by die skool en daar word in al die kind se behoeftes voorsien met betrekking tot hul akademiese opvoeding, sport, kultuur, voedsel en huiswerk.
Na werk kan die ouers dus hul kinders by die Nasorg kom haal met die wete dat daar in al hul onderskeie behoeftes voorsien is.

Groot sukses word ook behaal met leerders wat sukkel met die akademie. Personeel loop graag die ekstra myl en dit is vir ons, as personeel, ‘n vreugde om te sien hoe hulle vooruitgaan en verbeter en selfs toekennings ontvang by die jaarlikse prysuitdeling.

## 5. Didaktiese Hulp

Die jaar 2025 was 'n produktiewe en betekenisvolle jaar vir die remediering en ondersteuning van leerders met spesiale behoeftes (LSE) binne ons skool. Die fokus het nie net gebly op akademiese ondersteuning nie, maar ook op die algehele ontwikkeling en integrasie van leerders in ons skoolgemeenskap.

Die remediering program is ontwerp om leerders wat sukkel met verskeie akademiese vakke te ondersteun. Dit het insluitend:

Terugskakeling en begeleiding is aan leerders gebied op 'n een-tot-een basis. Dit het gehelp om spesifieke area van verbetering te identifiseer en doeltreffende strategieë daarop af te stem.

Groepsessies is aangebied om leerders aan te moedig om van mekaar te leer en sosiale vaardighede te ontwikkel. Hierdie sessies is gefokus op vaardighede in Lees en Wiskunde.

Die ondersteuningsprogram vir leerders met spesiale behoeftes het fokus op die volgende areas gehad: In samewerking met die skoolberader Me Ackerman is 'n aantal intervensies geïmplementeer om leerders se sosiale en emosionele behoeftes te ondersteun, insluitend tegnieke vir stresbestuur en strategieë vir selfregulering.

Ons het effens aangepaste onderrigmetodes geïmplementeer, wat leerders met spesiale behoeftes in staat gestel het om saam met hul maats te leer en deel te neem aan die klasaktiwiteite.

Deurlopende monitering van leerders se vordering is uitgevoer, met gereëlde terugvoering. 'n Aantal leerders het merkbare vorderings gemaak in hul akademiese prestasies, wat in hul Formele Assessering weerspieël is.

Die samewerking tussen onderwysers, berader, en ouers het tot 'n meer ondersteunende omgewing vir al die leerders gelei.

Die sukses van ons didaktiese hulpspan in 2025 is te danke aan die samewerking van onderwysers, leerders en ouers. Ons bly toegewyd aan die bevordering van elke leerling se potensiaal en die skep van 'n ondersteunende leeromgewing.

Baie dankie aan my span Juf. Petro, Juf. Megan en Maryke. Ek waardeer die ekstra myl wat jul saam met elke leerder stap.

## 6. Opedag

Ons was vanjaar uiters bevoorreg om sommer baie nuwe gesiggies by ons jaarlikse Opedag te hê. Ons tema was " Die Fransies boer vooruit" end it het perfek ingepas by die visie van ons skool.

Die gange was versier met pragtige plaaskuns deur al die grondslagfase- leerders en almal kon verseker die plaasgevoel kry sodra hulle by ons skool instap. Die nuwe maats het heerlik by die juffrouens gekuier en gespeel en 'n voorsmakie gekry van wat dit beteken om 'n Fransie te wees. Elkeen het 'n heerlike kolwyntjie en snoeppakkie gekry.

Na afloop van die formele verrigtinge was die pret nie verby nie. Ons het ons rugbyveld in 'n plasie verander en die maats kon aan verskeie plaasdiere vat en hulle vashou. Ons liewe Oom Pottie het ook met die trekker met die maats om die rugbyveld gery. Die voornemende leerders, sowel as huidige leerders, en hul ouers het heerlik sag op hooibale gesit en kon oo van die sleepwa of ons pragtige skool bewonder.

Ons glo en vertrou dat die maatjies baie lekker gekuier het, en dat hulle die slapies aftel totdat hulle volwaardige Fransies is. Ons Juffrouens kan self ook nie wag om te sien wat 2026 inhou nie!

Ons huidige Graad R maatjies het ook op hierdie dag by die Graad 1 Juffrouens gaan kuier en vir die Juffrouens gaan wys hoe slim en reg hullle vir Graad 1 is.

## 7. VCSV / LOFPRYSINGSPERIODE

Lofprysingsperiodes word elke Vrydag gehou vir die graad RR – 7 leerders. Leerders kry dan die geleentheid om te sing en dans tot eer van die Here. Die leerders maak beurte om op die verhoog te dans en 'n kort boodskap te bring. Op 23 Januarie kry die graad 7 leerders 'n spesiale waatlemoenfees ter voorbereiding vir hul graad 8 jaar. Waatlemoene word geëet en die leerders gly met die walle af. Daar is heerlik saam gekuier na die tyd.

Die graad RR – 3 maats word op 17 April uitgedaag om te hardloop vir Bybels. Die leerders het elkeen 'n botteltjie gekry waarin hulle geld moes insamel en saambring. Die geld is geskenk aan die Bybelgenootskap en die leerders het elkeen hul beste gegee.

Die graad 7 leerders het die geleentheid gehad om op 'n VCSV kamp te gaan op 22 - 24 Augustus in Jeffreysbaai. 7 dogters het die kamp bygewoon en goeie vriendskappe is gemaak. 'n Groot gedeelte van die kamp is afgestaan aan lofprysing en Bybelstudie.

Ons skool het op 29 Mei 'n spesiale Hemelvaartdiens olv ds. Jaco Barnard by Dagbreekgemeente bygewoon. Hierna het die leerders lekker piekniek gehou en die res van die dag Bybelse aktiwiteite voltooi. Mev. J. Barnardo het hierdie jaar vir ons die Pinkster boodskap op 'n baie praktiese manier kom wys. Sy het vir die leerders elke dag kom verras met 'n nuwe tafel op die verhoog met 'n spesiale boodskap.

Die seuns en dogters het hierdie jaar apart Wêreldbiddag vir Vroue gevier. Die seuns het olv Mnr. C. Ferreira saam gesels en die dogters het olv Juf. Tanya Gerber in die saal vergader. Dit was 'n besonderse geleentheid vir elke dogter. Die oggend is afgesluit deurdat die dogters vir mekaar gebid het.

## 8. Wêreldbiddag / Pinkster / Hemelvaart

Ons skool het op 29 Mei 'n spesiale Hemelvaartdiens olv ds. Jaco Barnard by Dagbreekgemeente bygewoon. Hierna het die leerders lekker piekniek gehou en die res van die dag Bybelse aktiwiteite voltooi. Mev. J. Barnardo het hierdie jaar vir ons die Pinkster boodskap op 'n baie praktiese manier kom wys. Sy het vir die leerders elke dag kom verras met 'n nuwe tafel op die verhoog met 'n spesiale boodskap.
Die seuns en dogters het hierdie jaar apart Wêreldbiddag vir Vroue gevier. Die seuns het olv Mnr. C. Ferreira saam gesels en die dogters het olv Juf. Tanya Gerber in die saal vergader. Dit was 'n besonderse geleentheid vir elke dogter. Die oggend is afgesluit deurdat die dogters vir mekaar gebid het.

## 9. Jesus-week

Tydens 24 – 27 Maart het die graad RR – 7 leerders ‘n baie spesiale Jesusweek gehou. Ons graad RR – 7 maats het ‘n spesiale Koffiekroeg en les gehad. Die tema hierdie jaar het gekom uit 1 Korintiërs 13:1. Die leerders het ‘n klomp aktiwiteite rondom hierdie vers gedoen. Die graad RR – 7 leerders het ‘n Bybelvasvrae gedoen en die Graad 4 – 7 leerders was op ‘n reis, “rondom die wêreld”. Die week was afgesluit deur heerlike samesang in die saal.

## 10. Klerebank

Vanaf 2024, is die klerebank doeltreffend opgegradeer, en steeds goed aan die gang. Ons is baie bevoorreg om so baie ondersteuning deur Fransie ouers te ontvang. Baie dankie vir elke donasie gedurende hierdie jaar. Daar is egter ‘n tekort aan sweetpakbroeke en skoolskoene. Die klere is beskikbaar teen baie billike pryse.

## 11. Verfraaiing

2025 het 'n tyd van opwindende verandering en verbetering vir ons skool gebring. Hiervoor het ons samewerking van leerders, personeel, ouers en die gemeenskap benodig. Die fokus was op die verbetering en verfraaiing van die skool se fasiliteite en omgewing, om ‘n positiewe leeromgewing geskep het.

'n Groep leerders onder leiding van mnr. Jason het saamgewerk om te eksperimenteer met saad wat hul geplant het en dan met trots met hul oes te spog. Verskillende plante en blomme is in ons tuine aangeplant. Hierdie tuintjie is verseker 'n pragtige toevoeging tot ons skool.

Die buitekant sowel as die mure om die skool is geverf. Dit vertoon pragtig. Leerders is ook betrek om kunswerke te skep wat in die skool se gange en op mure uitgestal is, wat 'n gevoel van trots en eiendom onder die leerlinge bevorder.

Ons biblioteek is opgeknap om 'n moderne, uitnodigende ruimte te wees waar leerders kan lees en navorsing kan doen. Hierdie biblioteek is ‘n aanwins en verseker ‘n spog vertrek te danke aan Juf. Petro.

Die Gr.RR en R se speelgrond is verbeter met nut geverfde speeltoestelle en 'n veilige oppervlak, wat 'n prettige en veilige omgewing vir ons jonger leerders bied.

Die verbeterings het verseker ‘n invloed op die skool se atmosfeer. Leerders het 'n groter trots in hul skool begin ervaar, veral in die oorgedoende badkamers.

Vir 2026 beplan ons om voort te bou op die huidige projekte. Voortdurende onderhoud van die nuut opgeknapte ruimtes om 'n hoë standaard van fasiliteite te handhaaf.

Die verbetering en verfraaiing van ons skool in 2025 was 'n sukseste danke aan al die borge wat altyd bereid was om te gee. Ons is opgewonde oor die toekoms en die verdere ontwikkeling van ons skoolomgewing.

## 12. Mediasentrum

Laerskool Frans Conradie spog hierdie jaar met ‘n biblioteek met ‘n splinterbuwe baadjie! Dit is kindervriendelik en skep ‘n huislike atmosfeer waarbinne leerders ontspanne stories kan ontdek en meer van die wye wêreld kan leer. Ongeveer 180 nuwe boeke is gedurende hierdie jaar tot die Biblioteek toegevoeg. Leerders het die biblioteek goed ondersteun en het veral die nuwe toegevoegde boeke baie geniet.
Elke graad kon die biblioteek een maal per week tydens skoolure besoek waar hulle blootgestel is aan ‘n biblioteekstelsel. Die leerders het ook geleer van die dele waaruit ‘n boek bestaan en die korrekte wyse waarop boeke met respek hanteer moet word.

Die Biblioteektye maak dit vir elke leerder moontlik om die Biblioteek te besoek.
Leerders wat nie gereeld die Biblioteek besoek nie, word uitgedaag om in 2026 deur die wonderwêreld van boeke te reis.

Baie dankie vir elke ouer se bydrae tot die Biblioteek wat dit moontlik gemaak het om die nuwe swierige baadjie aan die biblioteek te gee.

**13. Kaperjolle**

In Juniemaand het ons die litte losgemaak, geoefen en lekker konsert gehou! Ons het op ‘n sloertoer deur Suid-Afrika gegaan en, in lyn met ons skool se jaartema, Trots Afrikaans, het elke grad ‘n dorp in ons land uitgebeeld en in Afrikaans gesing, toneel gespeel en gedans. Dit is wonderlik om te sien hoe ons leerders se

selfvertroue groei. ’n Ritmiese massa-item met “Afrikaners maak so” en “Afrikaans is groot” was die perfekte hoogtepunt om ons trots Afrikaanse tema perfek op te som.

Ons leerders het die konsert vier maal opgevoer: Een keer vir die maats van ander skole, toe vir die oumas en oupas en daarna nog vir twee aande voor stampvol sale. Baie dankie aan ons ouers vir hul ondersteuning, positiewe kommentaar en geduld. Dankie ook aan ons liewe FOV-ouers wat vir ons gesorg het vir lekker kos en eetgoed tydens die konserte.

**14. Broodjieprojek**

Ons wil graag al die ouers, oumas en oupas wat betrokke is by hierdie projek hartlik bedank. Dankie vir u daaglikse opoffering om ons leerders te voed. U bydrae maak ‘n definitiewe verskil om hulle nood te verlig. Indien daar ouers is wat wil deel raak van hierdie projek, kontak asb vir juf. Diedericks.

**15. Klub 50**

Klub 50 is ’n eksklusiewe klub wat bestaan uit ouers, personeel en ondersteuners van Laerskool Frans Conradie. In 2025 het Klub 50 vernuwing beleef deur ’n nuwe wapen en slagspreuk aan te neem: *“Toegang tot ’n lewenslange netwerk”*. Hierdie slagspreuk weerspieël die kern van die klub se doel – om ’n platform vir gemeenskapsbou, sosialisering en netwerkvorming te bied. Lidmaatskap het meer as verdubbel in vergelyking met vorige jare, wat die toenemende betrokkenheid van die skoolgemeenskap weerspieël. Lede het verskeie voordele geniet, insluitend aandenkings en leefstylprodukte tydens netwerkgeleenthede, sowel as gelukkige trekkings en boerpottrekkings.

Die funksies het kreatief en kleurvol verloop met temas soos “Kamp Saam”, “60’s Burger Joint”, “Afrika Dromme”, “Plankie Braai”, en die jaar word afgesluit met die “Langtafel Kerskuier”. Hierdie aande het nie net vermaak gebied nie, maar ook die samehorigheid en netwerk van die lede versterk.

Klub 50 bly ’n waardevolle fondsinsamelingsplatform vir die skool en ’n sosiale spilpunt vir die gemeenskap. Die groei en sukses van 2025 blyk duidelik uit die toenemende deelname en kreatiewe inisiatiewe, en dit is met groot opgewondenheid dat ons uitkyk na die nuwe projekte en geleenthede wat die klub in die komende jaar sal aanbied.

**16. Botanika**

Om terug te kyk op die afgelope jaar as die fasiliteerder van die Botaniese Klub, vul my hart met groot dankbaarheid. My opregte dank gaan aan die skool vir die voorsiening van die ruimte en ondersteuning om hierdie hoekie van die natuur te koester, en veral aan die wonderlike leerders wat hul tyd, nuuskierigheid en passie gedeel het.

Hierdie jaar was 'n bewys van wat ons kan bereik as ons bymekaar kom met 'n gedeelde liefde vir die natuur reëls. Van die geduldige saai van sade tot die opwindende ontdekkings om plaaslike insekte te identifiseer, was julle entoesiasme die ware sonlig wat ons klub laat floreer het. Dit was 'n vreugde om te sien hoe julle insiggewende vrae stel, met opregte glimlagge in die grond gewerk het, en met soveel toewyding om ons groeiende projekte gesorg het.

Dankie vir 'n waarlik inspirerende jaar. Julle het almal gehelp om ons skool se ekosisteem te laat groei, beide letterlik en figuurlik.

**17. BUITELUGOPVOEDING**

**17.1 Graad R - Holmeleigh Farm**

Ons het vanjaar lifelike weer gehad vir ons jaarlikse uitstappie na Holmeleigh Farm. Dit was soos oudergewoonte ‘n wonderlike dag wat oud en jonk geniet het.
Ons jaarlikse Holmeleigh Farm het sommer mooi saamgeval met ons Plaas-tema en die leerders kon eerstehands die plaas en plaasdiere ervaar. Aangeleerde kennis is hersien en baie nuwe kennis is bygevoeg! Die leerders het die trekkerrit en lekker speel verskriklik baie geniet. Die lente het baie baba diere gebring en veral die poue en baie baba varkies was vanjaar iets om te aanskou.

Ons was bevoorreg dat sowat 80 volwassenes en 78 leerders ons vergesel het. Baie dankie aan elke ouer en grootouer wat op hierdie dag saam gekom het. Dit maak die dag net soveel meer spesiaal. Ons ouers kon iets heerlik kry om te eet. Die kos en koeke is altyd eersteklas. Oppad huis toe was daar baie maatjies wat aan die slap geraak het as gevolg van die dag se opwinding en ek is baie seker dat hulle daardie aand pragtige plaasdrome gehad het. Ons uitstappie is altyd ‘n hoogtepunt op die kalender!

**17.2 Graad 3**

Met groot opgewondenheid het die leerders weer hierdie jaar hulle oornagtassies gepak. Hulle het die klubhuis braaf in gevaar en oorgeneem vir n groot pajamapartytjie. Warm sjokolade en hegte vriendskapbande was die perfekte kombinasie vir ‘n rustige aand. Leerders het dit geniet om die volgende dag saam in hulle nagklere skool te gaan. Baie dankie aan al die juffrouens en studente wat hierdie aand spesiaal gemaak het.

**17.3 Graad 4**

Die graad 4-leerders besoek die skool se biblioteek op Donderdae, maar die twee klasse maak beurte. Die een klas gaan die een Donderdag, en die ander klas die volgende Donderdag.
Tydens hul besoeke kry die leerders die kans om boeke uit te kies, te lees en meer oor stories en skrywers te leer. Almal geniet dit om nuwe boeke te ontdek en tyd in die biblioteek deur te bring.
Hierdie besoeke help om ’n liefde vir lees aan te moedig en maak Donderdae vir die graad 4’s iets besonders.

Datum: 15 & 16 Mei 2025
Ons graad 4-leerders het op 15 en 16 Mei die Nelson Mandela Bay Science Centre besoek. Dit was ’n baie interessante en opwindende uitstappie waar ons meer oor wetenskap en tegnologie geleer het.
Die leerders het verskillende uitstallings besoek, prettige eksperimente gedoen en geleer hoe dinge in die wêreld rondom ons werk. Almal het die uitstappie baie geniet en nuwe dinge ontdek. Dit was ’n leersame en onvergeetlike ervaring vir almal.

Datum: 5 Augustus 2025
Op 5 Augustus het die WaterSmart Water Safety Program ons skool besoek. Hulle het met die leerders gesels oor hoe om veilig te wees in en naby water.
Die leerders het geleer hoe belangrik dit is om altyd versigtig te wees by swembaddens, riviere en die see. Hulle het ook praktiese wenke gekry oor wat om te doen as iemand in gevaar is. Dit was ’n baie interessante en leersame besoek, en almal het dit geniet. Die program het ons gewys dat water pret kan wees, maar dat veiligheid altyd eerste moet kom.

**17.4 Graad 5**

Ons het die jaar met ‘n vrolike, Kapperjolle konsert afgeskop en die graad 5 leerders het ons verras met hulle ongelooflike samewerking en dit was weereens ‘n hoogtepunt van ons jaar. Ons het ook die jaar ‘n klasverkoping gehou en die ouers se samewerking was ‘n riem om die hart en dit was ‘n groot sukses. Baie dankie aan ons ouers vir hul ondersteuning en geduld.

Die Graad 5’s het weereens hierdie jaar SAMREC besoek gedurende die tweede kwartaal. Ons het die oggend begin met ontbyt op die strand en daarna het die SAMREC verteenwoordiger vir ons `n opvoedkundige les by die see aangebied oor seediere. Die leerders kon ook self onder die rotse soek en die seediertjies van naderby ondersoek. Daarna het ons die pikkewyne besoek en na `n baie interessante inligtingsessie oor pikkewyne en die bewaring van pikkewyne geluister.

**17.5 Graad 6**

“Splash” Waterpark
Die graad 6 leerders het die jaar afgeskop met ‘n uitstappie na die Waterpark as deel van hul opleiding vir waterveiligheid. Mnr. Mattheus het vir die leerders ‘n kort inleiding gegee tot die moets en moenies wanneer dit by water kom. Ons is baie dankbaar teenoor al die ouers wat ons vergesel het.

Norm Hudlin Staproete
Op 26 April het die graad 6 leerders gaan stap by Norm Hudlin in Port Elizabeth. Ons het twee staproetes aangedurf en in totaal byna 10 km gestap. Die leerders was vol ywer en entoesiasme en die dag is jolig afgesluit deur die saam sing van liedjies op pad terug skool toe.

Kamp
Die Fransies het Van Stadens Rivieroord behoorlik oorgeneem tydens ons Leiersoriënteringskamp op 21 en 22 Augustus. Die leerders het die kamp afgeskop deur hul eie tente op te slaan en nes te skrop. Daarna

het ons in spanne verdeel, elkeen met hul eie kleur en kreet. Die leerders het ook in hierdie groepe deelgeneem aan strand speletjies en ander aktiwiteite. Juf. Penny Emmanuel het vir die leerders 'n les aangebied oor die eienskappe van 'n goeie leier voordat die leerders die groot sandduin aangedurf het. Die aand is afgesluit met die maak van stokbrood en gesellig kuier. Ons is dankbaar vir die ouerondersteuning wat ons met elke uitstappie ontvang het.

**17.6 <u>Graad 7 - Suid-Kaap Toer 2025</u>**

Met groot entoesiasme het die graad 7-leerders, onder leiding van die betrokke personeel, die pragtige Suid-Kaap gaan verken. Hierdie jaarlikse toer is ’n besondere hoogtepunt op die graad 7-kalender en bied aan leerders die unieke geleentheid om eerstehands kennis te maak met verskeie omgewings en geskiedkundige terreine waarvan hulle in die klaskamer leer.

Die toer het afgeskop met ’n besoek aan Monkeyland, waar die leerders die geleentheid gehad het om die gedrag van verskillende ape van naby te besigtig. Daarna het die groep die Knysna Olifantpark besoek, waar die leerders hierdie indrukwekkende diere van naby kon ervaar en selfs gevoer het.

Die week se program het uiteenlopende opvoedkundige en ontspannende aktiwiteite ingesluit. By die volstruisplaas in Oudtshoorn kon die leerders die voëls voer en selfs hul balans op ’n volstruiseier toets. ’n Besoek aan die Cango-grotte het vir almal ’n onvergeetlike ervaring gebied, en by Wilgewandel het die groep die unieke geleentheid gehad om op kamele te ry.

Die toer het nie slegs vermaak gebied nie, maar ook die leerders se kennis en vaardighede verbreed. By die Diaz Museum en tydens die natuurstappie in Wildernis kon die leerders hul boekkennis aan praktiese ervarings koppel. Aktiwiteite soos duin-uitklim, rivierroei en boomklim het hul fiksheid, spanwerk en uithouvermoë verder getoets.

Die week is afgesluit met ’n besoek aan Lawnwood Slangpark, waar waardevolle inligting oor verskillende slangspesies gedeel is. Baie leerders het die kans aangegryp om een van die slange van nader te ervaar – ’n dapper stap vir baie!

Die toer is geseën met uitstekende weertoestande van begin tot einde, en ons is dankbaar dat almal veilig by die dorp teruggekeer het. ’n Opregte woord van dank aan die leerders wat die skool se naam oral met trots gedra het, en aan die ouers wie se ondersteuning en betrokkenheid hierdie toer moontlik gemaak het.

**18. <u>KULTUUR EN VERENIGINGS</u>**

**18.1 <u>Musiek</u>**

Ons is ongelooflik trots op die vordering wat die meeste van ons musiekleerders maak. ’n Suksesvolle musikant word gevorm deur harde werk en getroue oefening. Op hierdie jong ouderdom is ouers se betrokkenheid en verbintenis tot musieklesse net so belangrik soos die leerder se insette.

Altesaam 41 leerders het vanjaar musiekonderrig ontvang in klavier, blokfluit, klawerbord of kitaar. Dankie aan elke musiekleerder wat hard gewerk het en saam met al hulle ander sport- en kultuuraktiwiteite nog hul kant by die musiek ook gebring het! By ons jaarlikse Musiekmanewales het elke musiekleerder die geleentheid gekry om sy/haar buiging op die verhoog te maak. ’n Spesiale dankie aan dié musiekleerders wat bereid was om ’n liedjie te speel vir ons “Musikale Maandag” wat op ons skool se sosialemediaplatforms gedeel word. Julle is ’n pragtige advertensie vir ons skool!

**18.2 <u>Seniorkoor</u>**

Die lekkerte van saam musiekmaak en die mooi harmonieë wat opklink wanneer ure se oefening uiteindelik vrugte afwerp, is die rede waarom leerders elke Woensdag en Vrydag aanmeld vir kooroefening. Koorsang is uithou-en-aanhou werk. Daarom wil ons vir élkeen van die 62 leerders wat so getrou kom oefen het, baie dankie sê vir die entoesiasme en getrouheid wat hulle openbaar het.
Ons koor het vanjaar by die Afrikaans 100-koorfees wat deur ons skool gereël is, opgetree. Ons het saam met plaaslike skole uit die Metro héérlik in Afrikaans gesing. Die gehoor het by hierdie geleentheid uit volle bors saam met die Silwer Snare boere-orkes gesing aan al die bekende volkstreffers. Die senior koor tree ook op tydens die graad R gradeplegtigheid, asook by die senior Prysuitdeling.
Aan al die graad 7-koorlede wat volgende jaar hoërskool toe gaan: Baie dankie vir al die jare wat julle in Frans Conradie se kore gesing het. Ons hoop dat julle pragtige herinneringe by die koor opgebou het. Ons wens is dat julle altyd 'n lied in die hart sal hê!

**18.3 Leerderraad 2025**

Die Leerderraad van 2025 het die jaar met groot entoesiasme begin tydens ’n spanbou-uitstappie na Bush Pig Adventures, onder leiding van Mnr. Ferreira en Mev. Strydom. Hierdie aktiwiteit het die span gehelp om sterk samewerkingsverhoudings te bou en as ’n eenheid te groei.

In die eerste week van die jaar het die leerders ’n opleidingsessie oor die hys en stryk van die landsvlag ontvang, wat hul begrip van protokol, respek en nasietrots versterk het.

Gereelde vergaderings is deur die jaar gehou om organisasie, spanwerk en verantwoordelikheid te bevorder. Leerders het op verskillende plekke diens gedoen en hul pligte met lojaliteit en ’n positiewe gesindheid uitgevoer. Die hoofleiers het ook die vlagseremonie tydens Maandagoggend-saalsittings behartig.
Tydens ouervergaderings en skoolfunksies het die Leerderraad as waardige verteenwoordigers van die skool opgetree deur gaste te verwelkom en hulp te verleen waar nodig.

’n Hoogtepunt van die jaar was die besoeke aan Huis Najaar, waar elke leerderraadslid ’n “ouma” of “oupa” gekry het en gereeld besoek afgelê het – ’n projek wat empatie, diensbaarheid en omgee bevorder het.
Laerskool Frans Conradie is trots op die 2025-Leerderraad se voorbeeldige optrede, diensgerigte leierskap en positiewe invloed binne die skoolgemeenskap. ’n Opregte woord van dank aan Mev. Strydom en Mnr. Ferreira vir hul leiding en ondersteuning, asook aan ons hoofleiers vir hul toegewyde samewerking.
Mag elke lid se pad vorentoe geseën wees met wysheid, sukses en volgehoue trots in hul skool en hulself.

**19. Robotika & Kodering / Rekenaarklasse**

Die jaar was gevul met nuwe uitdagings en waardevolle leerervarings. In die klaskamer het daar, soos altyd, ’n positiewe en produktiewe leeratmosfeer geheers — iets waarvoor ons baie dankbaar is. Die gerieflike leeromgewing, ondersteun deur twee lugversorgers en ’n goed toegeruste rekenaarklas met veertig rekenaars, het leer en ontwikkeling optimaal bevorder.

Met die beskikbare toerusting het ons beide individuele en groepsleer toegepas. Die fokus op Robotika het veral samewerking en spanwerk versterk. Ons leerders is nou goed vertroud met die tegnologie, die Robotika-toerusting, en die basiese rekenaarvaardighede wat in die kurrikulum geïntegreer word.

Vanjaar het ons nie slegs ’n inleidende benadering tot Robotika en kodering gevolg nie, maar ons het voluit daarin ingeduik. Laerskool Frans Conradie het vanjaar vir die eerste keer as gasheer opgetree vir ’n Robotika-kompetisie en samewerkingsgeleentheid waaraan Summerwood Primary, Parsons Hill Primary en Westering Primary deelgeneem het. Hierdie gebeurtenis was ’n groot sukses; die leerders het dit ten volle geniet en hul vermoë getoon om kreatief en buite die gewone denkraamwerk te werk.

Dit is vir my ’n groot voorreg om saam met u kinders te werk en om eerstehands te sien hoe hul selfvertroue en kreatiwiteit groei. Die entoesiasme waarmee die leerders die Robotika-aspek van die vak benader, is merkwaardig. Ons sien met groot verwagting uit na die voortgesette groei van die Robotika- en koderingprogram in 2026, wat ongetwyfeld van krag tot krag sal voortgaan.

**20. Skaak**

Dit was weereens ‘n uitstekende jaar vir Fransies-skaak. Ons het die jaar weer afgeskop met ons familie-skaakdag. Baie dankie vir al die ouers en leerders wat hierdie dag ondersteun het.

Skaak het in 2025 baie gegroei en dit was hierdie jaar vir ons ‘n groot trots om drie spanne in die ligas te registreer. Deur wen of verloor het hierdie spanne ons skool met trots verteenwoordig.

Die juniorspan het uitstekend gevorder in die ligas en het derde plek behaal in die Kariega/Despatch rondtes. Die A en B spanne het vierde plek algeheel in die rondtes behaal.

Ons het ook hierdie jaar vir Mnr. Dillon du Preez by die skaak verwelkom as ‘n student afrigter. Mnr. Du Preez is ‘n oud-Fransie, Skaak A-span speler. Hy het ook die O.P. verteenwoordig in skaak en is tans besig om sy studies in skaakafrigting te voltooi.

**21.1** **Sportverslag: Sportkoördineerder**

**Jou potensiaal is ons ideaal!**

Ons afrigters vir 2025:

| | | |
|---|---|---|
| **Atletiek:** | **ORGANISEERDER**: | Mev. L. Stander |
| | Diskus | Mnr. A. Mattheüs<br>Mev. J. Viljoen |
| | Gewigstoot | Mev. M. Schoonraad<br>Me. M. Van Jaarsveld<br>Mnr. T. Van Huyssteen |
| | Hekkies | Mev. D. Olivier<br>Me. D. Marais |
| | Hoogspring | Mev. H. Dippenaar<br>Me. K. Senekal<br>Mev. E. Diedericks<br>Mnr. J. Badenhorst |
| | Middelafstande | Mnr. D. Lotriet<br>Mev. L. Stander |
| | Naellope | Mev. J. Strydom<br>Mev. S. Swanepoel<br>Me. S. Botha |
| | Spiesgooi | Mev. C Rademeyer<br>Mev. K. Erasmus |
| | Verspring | Mev. T Gerber<br>Me. M. Smit<br>Me. D. Roelofse |
| | Admin<br>Spanbestuurder | Mev. L. Stander<br>Mev. E. van Niekerk |
| **Krieket:** | **ORGANISEERDER:** | Mnr. E. van Tonder |
| Mini-krieket: | Graad R-Seuns | Mnr. J. Badenhorst<br>Mnr. D Lotriet<br>Mnr. J. Bosch |
| Mini-Krieket: | Graad 1-Seuns | Mnr. J. Badenhorst<br>Mnr. D. Lotriet<br>Mnr. J. Bosch |
| Krieket: | o. 9 | Mnr. T van Huyssteen<br>Mnr. H. Coetzee |
| Krieket: | o. 11A & B | Mnr. E van Tonder<br>Mnr. C Leonard<br>Mnr. D. Lotriet |
| Krieket: | o. 13A & B | Mnr. L. Du Toit<br>Mnr. D. Hugo<br>Mnr. J. Badenhorst |
| **Landloop:**<br>Hulpafrigter: | **ORGANISEERDER:** | Mev. L. Stander<br>Mev. E. van Niekerk<br>Mev. T. Gerber |

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Netbal</u>:** | **ORGANISEERDER:** | Mev. J. Strydom |
| Netbal: | Graad R | Mev. C. Rademeyer<br>Me. D. Roelofse<br>Me. M. Momberg |
| Netbal: | Graad 1 | Me. M. Smit<br>Mev. B. Timms<br>Me. M. Momberg |
| Netbal: | Graad 2 | Me. K. Senekal<br>Me. K. Gouws |
| Netbal: | Graad 3 | Mev. M. Schoonraad<br>Me. M. Van Jaarsveld |
| Netbal: | Graad 4 & 5 | Mev. J Strydom<br>Mev. S. Swanepoel<br>Mev. K. Erasmus |
| Netbal: | Graad 6 & 7 | Me. S. Botha<br>Mev. D. Olivier<br>Mev. I Simpson<br>Me. D. Marais<br>Me. D. Roelofse<br>Mev. J. Viljoen |
| **<u>Rugby:</u>** | **ORGANISEERDER:** | Mnr. A. Mattheus |
| Rugby: | Graad R-seuns | Mnr. D. Lotriet<br>Mnr. J. Bosch |
| Bulletjies: | o. 7 | Mnr. J. Bosch<br>Mnr. D. Lotriet<br>Mnr. J. Badenhorst |
| Rugby: | o. 9A & B | Mnr. L. du Toit<br>Mnr. C Leonard<br>Mnr. H. Coetzee |
| | o. 11A | Mnr. E. Van Tonder<br>Mnr. T. Van Huyssteen |
| | o. 11B | Mnr. D. Lotriet<br>Mnr. C Leonard |
| | o. 13A | Mnr. Z. Grobler<br>Mnr. A Mattheus |
| | o. 13B | Mnr D. Hugo<br>Mnr. J. Badenhorst |
| **<u>Skaak:</u>** | **ORGANISEERDER**: | Mev. E. Diedericks |
| Skaak: | Junior & Senior | Mnr. D. Lotriet |
| **<u>Tennis:</u>** | **ORGANISEERDER**: | Mev. K Turner |
| Mini-Tennis: | Graad 1 - 3 | Mev. K. Turner |
| Tennis: | Graad 4 - 7 | Mev. K. Turner<br>Me. E. Van Niekerk<br>Mev. C. Botes<br>Mnr. C. Mulder |

**Buite-afrigters**

Mnr. C. Mulder
Mnr. J. Bosch
Mnr. E. Brown
Mnr. E. van Rooyen
Mnr. D. Du Preez

## 21.2 Sportdag

Ons jaarlikse sportdag was vanjaar ’n groot sukses. Ongeveer 1 000 leerders het die dag op ons skoolgronde bygewoon. Hierdie geleentheid het weereens aan al ons B-spanne in beide netbal en rugby, asook aan ons juniorspanne, die geleentheid gebied om deel te neem en hul talente te toon.
Die dag is gekenmerk deur ’n opwindende atmosfeer, uitstekende sportmangees en heerlike eet- en vermaakopsies vir oud en jonk. Ouers het entoesiasties hul kinders langs die velde en bane ondersteun en sodoende tot die lewendige gees van die dag bygedra.

Die Fransie-personeel en FOV-span het van vroegoggend af hard gewerk om alles betyds gereed te kry vir die aankoms van die deelnemende skole. Ten spyte van die groot getal besoekers en die bedrywige atmosfeer op die terrein, het die span die dag met uitsonderlike organisasie, samewerking en kalmte bestuur. ’n Opregte dank word aan elke personeellid gerig vir hul toewyding en spanpoging. Verder spreek ons ons waardering uit teenoor ons Fransie-ouers, personeel en hul gades wat vrywillig hul tyd en kundigheid beskikbaar gestel het as skeidsregters, noodhulpbeamptes, kosverkopers, vlagmanne en ander helpers. Elkeen se bydrae het ’n wesenlike rol gespeel in die suksesvolle verloop van die dag.

Benewens die fondse wat ingesamel is, het die sportdag ook ’n besondere beeld van spanwerk, gemeenskapsgees en trots vir ons skool uitgedra. Hierdie geleentheid het wederom bevestig dat samewerking tussen personeel, ouers en leerders die sleutel tot ons voortdurende sukses is.

## 21.3 Atletiekverslag

75 Atlete het deelgeneem aan die Sone byeenkoms wat gehou is op Dinsdag, 4 Februarie en Woensdag, 5 Februarie. 30 atlete het gekwalifiseer om aan die Distriksbyeenkoms deel te neem. Op 21 Februarie neem 18 atlete deel aan die Nelson Mandela Metropool kampioenskappe. Cyle Eyre en Brenten Vlooh het gewalifiseer om deel te neem aan die Oos-Kaap Kampioenskappe. Albei het ‘n medalje verower.

Caitlyn Coetzer en Conner van Rooyen het albei aan die einde van 2024 gewalifiseer om deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Hulle het uitstekend presteer en ons skool se naam hoog gehou.

## 21.4 Landloop

Daar was altesaam 25 landloop atlete hierdie jaar wat getrou geoefen en deelgeneem het aan 5 liga’s by Bergsig. 17 leerders het op 16 Augustus deelgeneem aan die Kampioenskappe by St. Albans. 22 leerders het ‘n sertifikaat ontvang vir getroue bywoning vir al hul liga’s.

Ons het ook aan drie vriendskaplike wedlope plaaslik deelgeneem wat die leerders baie geniet het.

## 21.5 Netbal

### 21.5.1 Beginner-netbal

Die graad R- maatjies was so gretig om netbal te speel dat ons meeste dae drie netbalspanne sou kon vol maak! Die netbalmeisies het gretig geleer hoe om ‘n bal te hanteer en die voetwerk vir “slim” voetjies was ‘n gunsteling. Elkeen het ook hul heel beste probeer in die “Vries”-speletjie om die stokkielekkers te wen!

Daar is ‘n spannetjie uit die beginnernetbalgroep gemaak wat ook die geleentheid gehad om aan twee sportdae deel te neem. Dit was vir die leerders ‘n heerlike ervaring. Ons het ook voor die eerste sportdag ‘n bietjie gaan “oefen” teen een van ons buurskole se Graad R-spannetjies om die meisies voor te berei op die wedstryde.

Baie dankie aan elke dogter wat so pligsgetrou kom oefen het en vir al die lag en gesels. Dit was heerlik om deel te wees van julle eerste netbal ervaring.

### 21.5.2 o/7-Netbal

Die o/7 meisies was hierdie jaar vol entoesiasme om nuwe vaardighede en spelpatrone te leer. Hulle het getrou kom oefen en altyd hulle beste probeer. Hulle was veral opgewonde wanneer wedstryde gespeel word en ons kon met elke wedstryd die meisies se vordering sien. Hulle het geleer om nooit moed op te gee nie en net altyd hulle beste te doen. Ons sien uit om hulle vordering in netbal te sien soos hulle ouer word. Baie dankie aan almal wat die o/7's so mooi en getrou kom ondersteun en aangemoedig het.

### 21.5.3 o/8-Netbal

Die o. 8 netbalmeisies, meer bekend as "Die Wilde Wolwe", het ons gewys wat dit beteken om 'n ware passie vir die sport, netbal, te hê. Tydens 2025 se netbalseisoen het ons volgens die nuwe Mini netbal reëls gespeel. Die meisies het deur die loop van die seisoen al 7 posisies gespeel. Die meisies het die ruilings baie geniet en nie teruggestaan vir enige uitdagings nie. Hulle het werklik hul harte uitgespeel en elke wedstryd hul beste gegee. Hulle het werklik gewys wat dit beteken om trotse Fransies te wees. Dankie vir al die wonderlike ondersteuning by elke wedstryd. Ons is baie trots op elke liewe dogter wat kom oefen het.

### 21.5.4 o/9-Netbal

Ons was vanjaar baie bevoorreg om 2 volledige spanne in die liga in te skryf,die Wolwe en die Wilde honde. Daar was `n hele paar dogters wat vir die eerste keer kom netbal speel het. Ons was super trots op elkeen van hulle wat ywerig kom oefen en wedstryd kom speel het. Elke dogter se vaardighede en selfvertroue het ongelooflik ontwikkel. Hulle het ook tydens elke wedstryd `n karakter van deursettingsvermoë, veggees en goeie sportmanskap openbaar. Dit was absoluut `n voorreg om die dogters af te rig. Ons is ook ongelooflik dankbaar teenoor ons ouers wat die dogters getrou en met die nodige passie kom ondersteun het. Baie dankie dat julle ons as afrigters met die nodige respek hanteer en ondersteun het. Ons het `n heerlike afskeid in die klubhuis gehad waar ons as afrigters, sowel as die dogters super spesiaal gevoel het en baie bederf was. 2025 was `n baie geseënde jaar vir ons dogters. Ons hou beslis hul vordering dop en glo julle gaan nog baie diep spore in die netbalgeledere gaan trap.

### 21.5.5 o/10-Netbal

Die 2025-netbalseisoen was 'n suksesvolle jaar vol spanwerk, toewyding en opwinding. Ons is ongelooflik trots dat ons drie volledige spanne kon vorm, elk met unieke sterkpunte en 'n positiewe gesindheid. Elke dogter het met entoesiasme aan oefeninge deelgeneem en altyd haar beste op die baan gegee. Gedurende die seisoen het ons groot groei in selfvertroue, vaardigheid en spanwerk gesien. Daar was altyd opgewondendheid voor elke wedstryd en die dogters het met trots in hul skool se kleure gespeel. Ons as afrigters het dit baie geniet om saam met hierdie talentvolle groep dogters te werk en hul liefde vir die sport te sien groei. Al die spanne het puik prestasies behaal en waardevolle ervaring opgedoen. Elke wedstryd was 'n geleentheid vir leer, pret en samewerking. Ons is dankbaar vir die ongelooflike ondersteuning van die ouers gedurende die netbalseisoen. Dit was werklik 'n seisoen om te onthou!

### 21.5.6 o/11-Netbal

Die Onder 11-netbalspan het gedurende 2025 merkwaardige groei en ontwikkeling getoon – nie net in hul spelvermoë nie, maar ook in hul spanwerk, dissipline en sportmanskap. Wat aan die begin van die jaar as 'n jong en onervare groep dogters begin het, het teen die einde van die seisoen ontwikkel in 'n selfversekerde, goed afgeronde span wat trots is om hul skool te verteenwoordig.
Deur harde werk, volgehoue oefening en 'n positiewe ingesteldheid het elke speler groot vordering getoon. Die afrigting het gefokus op basiese tegniek, strategiese spel en samewerking op die baan – aspekte wat duidelik vrugte afgewerp het namate die seisoen gevorder het. Die span het aan verskeie ligawedstryde en toernooie deelgeneem, waar hulle telkemale hul verbetering en deursettingsvermoë gewys het. Alhoewel oorwinnings altyd lekker is, was die ware sukses sigbaar in die manier waarop die dogters gegroei het – in vaardigheid, samehorigheid en selfvertroue.
Elke speler het 'n belangrike rol binne die groep vervul, en dit was duidelik dat daar 'n sterk gevoel van trots en lojaliteit teenoor mekaar en hul skool bestaan. As afrigters het ons baie waardering vir die leerders se harde werk en entoesiasme, asook vir die ouers se ondersteuning by oefeninge, wedstryde en toernooie.

Baie dankie aan elke spanlid vir 'n wonderlike jaar van groei en positiewe gesindheid. Julle het gewys wat dit beteken om met trots, respek en toewyding te speel. Die toekoms vir hierdie groep belowende jong netbalspelers lyk besonder helder.

**21.5.7 o/12-Netbal.**

Die Onder 12-netbalspan het gedurende die jaar baie vordering getoon. Daar was duidelike vordering in hulle deursettingsvermoë en spanwerk. Ons as afrigters het veral gefokus om elke speler se tegnieke te verbeter, ons het gefokus op die leerders se balvaardighede, verdedigingstegnieke en ook op die leerders se skootvaardighede. Elke speler het getrou netbal kom oefen met positiewe gesindheid, geleer om met mekaar te kommunikeer en te ondersteun wat gelei het tot goeie spanwerk.

Hulle het deelgeneem aan verskeie netbalwedstryde en met elke wedstryd was daar duidelike vordering in die spel asook in hul selfvertroue as speler.

Ons as afrigters het baie waardering vir elke speler en hulle ouers, wat vir ons respek en ondersteuning getoon het. Baie dankie vir elke speler, dankie dat julle oop was om nuwe dinge te leer en alles in te sit. Julle het beslis met trots en respek elke wedstryd aangepak. Die toekoms vir die groep spelers is baie belowend

**21.5.8 o/13-Netbal**

Die 2025-netbalseisoen was ’n jaar gevul met harde werk, groei en trots. Die O/13A-span het vanaf die eerste oefeninge hul toewyding en liefde vir die sport gewys. Elke speler het met entoesiasme, dissipline en spanwerk gewerk om hul vaardighede te verbeter en as span sterker te word.

Ons het aan verskeie toernooie deelgeneem, waarvan die **Cradock-toernooi** een van die hoogtepunte van die jaar was. Daar het die meisies met ware geesdrif en deursettingsvermoë gespeel teen sterk spanne van regoor die streek. Hulle het nie net op die baan gegroei nie, maar ook as jong dames wat weet wat samewerking en respek beteken.

Die span het ook aan verskeie **proewe** deelgeneem waar hul talent duidelik na vore gekom het. Elke wedstryd, oefening en uitdaging het bygedra tot hul ontwikkeling en groei deur die seisoen.

Ek is ongelooflik **trots op elke speler** – vir haar harde werk, positiewe gesindheid en bereidwilligheid om altyd haar beste te gee. Julle het as individue gegroei, maar bowenal as ’n span wat mekaar ondersteun en saam staan in oorwinning én nederlaag.

’n **Groot dankie** aan ons **borge** vir hul ondersteuning deur die jaar – **BVSA, Symara** en **GAP Management**. Julle bydrae het ’n groot verskil gemaak en ons kon met trots ons skool en span verteenwoordig.

Baie dankie ook aan elke ouer vir hul ondersteuning en aan die spelers vir ’n wonderlike jaar vol trots en prestasie. 2025 sal beslis onthou word as ’n jaar waarin ons nie net beter netbal gespeel het nie, maar ook as mense gegroei het.

## 21.6 Rugby

**21.6.1 Bulletjies**

Die jaar het die o/6 en die o/7-bulletjie rugby uitstekend gevaar in die rugbyseisoen. ‘n Spesiale dank aan ons afrigters vir hulle toewyding en passie vir die bulletjies en dankie vir elke ouer se ondersteuning langs die veld. Ons doel hierdie jaar as afrigters was om die deelname en betrokkenheid te verbeter en ons glo vas dit was verbeter. Ons het dus gefokus op sportmanskap en basiese vaardighede, en liefde vir sport te behou op so jong ouderdom. Altwee spanne het so baie hoogtepunte en prestasies al is bulletjies nie kompetisie-gefokus nie. Laastens maar nie die minste nie dankie vir ons Borge, Skoolhoof, Sporthoof, Ouers, Kinders,

Kollegas. AS ONS STAAN, STAAN ONS SAAM.

**21.6.2 o/9-Rugby**

Hierdie mannetjies het vanjaar ‘n voorsmakie gekry van 15-man rugby. Vanjaar het ons 'n uitstekende jaar beleef en goeie rugby is deur hierdie jongmanne gespeel. Ons kon nie vir n beter groep gevra het nie, elke speler het sy beste gegee.

Hierdie groep is ‘n baie talentvolle groep en met baie werk gaan hierdie groep nog groot rugby speel. Lanklaas het ons ‘n o/9- spannetjie gehad wat so mooi hardlooprugby op hierdie jonge ouderdom kon speel.

Baie dankie vir elke speler se bydrae hierdie jaar in enige vorm, hoe groot of klein. Dankie ook vir elke ouer en familie se ondersteuning langs die veld. Dit gaan nie ongesiens verby nie.

### 21.6.3 <u>o/11-Rugby</u>

Ons het hierdie seisoen weereens 2 spanne in die veld gestoot. Die seuns het nie net opgedaag nie, maar hulle harte wedstryd na wedstryd op die veld gelos.

Die afrigters het regtig baie moeite gedoen en vir die o/11B-rugbyspan ekstra wedstryde gereël gedurende die seisoen en die seuns het met elke wedstryd hulle beste gelewer.

Die hoogtepunt vir ons as afrigters van hierdie jongmanne is beslis die wyse waarop ons seuns hulle trots en respek vir die “game” en die Fransies uitgebeeld het.

Ons wil net weereens baie dankie sê vir al ons borge betrokke by ons twee spanne. Dankie vir elke kind en ouer se harde werk en ondersteuning gedurende die jaar. Ons spanne het van krag tot krag gegaan tydens die seisoen: Ons teenstanders het geweet “hier kom n harde *game*”.

Ons sien uit na ‘n groot aksie-belaaide seisoen volgende jaar waar die ware Fransie sportmangees op én van die veld duidelik sigbaar is.

### 21.6.4 <u>o/13-Rugby</u>

Ons het hierdie jaar behoorlik afgeskop met ons jaarlikse Gholfdag wat as ‘n groot fondsinsameling vir die rugbyseisoen dien. Dit was weereens baie goed ondersteun en was ‘n reusesukses. Baie dankie vir elkeen se bydrae en insette. Ons hoop om almal weer volgende jaar daar te sien! As dit die Here se wil is gaan ons dit weer by Uitenhage gholfklub hou.

**Graag wil ons ook van hierdie geleentheid gebruik maak om vir al ons borge te bedank vir die lojale ondersteuning teenoor Frans Conradie. Ons kan nie ons doelwitte bereik as dit nie vir u goedhartigheid en lojalitieit is nie (al die borge verskyn elders in die verslag).**

Ons het die seisoen begin deur deel te neem aan die jaarlikse Built It Bergsig toernooi. Hierdie toernooi het gedien as ons proewe waar die toergroep gekies is vir die Frans Erasmus-toernooi en die jaarlikse Marlow-toernooi in Cradock. Ons gebruik hierdie toernooi om te bepaal waar ons nog kan verbeter... Wat dien as voorbereiding vir die jaar se ligawedstryde. Ons het ook in die Superliga deelgeneem wat skole insluit in die groter Metro-area.

Vanjaar was egter 'n jaar van gemengde uitslae vir die o/13-rugbyspan. Dit is vir ons lekker om te kan sê dat daar met groot trots en passie deelgeneem is en elke speler het aanhou speel ongeag wat die tellings was. Hulle deursettingsvermoë kon almal raaksien. Dus kan ons met eer en trots sê dat dit ‘n suksesvolle seisoen was.

**WEDSTRYDE GESPEEL: Die seuns het 33 wedstryde gespeel waarvan 17 gewen, 15 verloor en 1 gelykop gespeel is. Aiken van der Berg het 30 driee in die seisoen vir die Fransies gedruk, Ethain Laubscher 23 en Ekhard Wepener 21.**

**BAIE GELUK AAN EKHAND WEPENER WAT TOT IN DIE LAASTE RONDTE VAN DIE O/13 OP-PROEWE GEVORDER HET EN DEEL WAS VAN DIE OP-GROEP WAT IN RIVERSDAL AAN 'N INTERPOVINSIALE TOERNOOI GAAN DEELNEEM HET. BAIE GELUK OOK AAN AIDEN JORDAN WAT GEKIES WAS VIR DIE OP O/12 OLIFANTE RUGBYSPAN EN DUS ONS SKOOL EN PROVINSIE VOLUIT VERTEENWOORDIG HET.**
**BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE SEUNS WAT VIR DIE UPSRU-O/12 EN 13 SPAN GESPEEL HET: Aiden Jordan, Luke Roodt, Renaldo Davidson, Brentley Prinsloo, Ethain Laubscher, Aiken van der Berg, Zane van Rooyen, Ekhard Wepener, Jayden Boshoff, Janco Stander en Dylan Bester**

Baie dankie vir elke speler se bydrae hierdie jaar in enige vorm, groot of klein. Sterkte met die graad 7-groep seuns wat hul loopbane gaan voortsit by die verskeie Hoërskole. Dankie ook aan elke ouer en familie vir u ondersteuning langs die veld. Dit gaan nie ongesiens verby nie.

Laastens, baie dankie aan die Hemelse Vader wat Sy hand van bewaring oor ons gehou het deur die loop van die seisoen. Sonder U krag is niks moontlik nie!

Aan die spelers: Glo in jouself! Hê geloof in jou vermoëns! Sonder ‘n nederige maar redelike vertroue in jou eie kragte, kan jy nie suksesvol of gelukkig wees nie.
Onthou: “The bigger the challenge, the bigger the response."

Dit was 'n voorreg om met elkeen van julle te kon werk en ook om te kon sien hoe elkeen ontwikkel het!

**TROTS OP JULLE!!!!**

## 21.7 Tennis

Die jaar 2025 was 'n opwindende en suksesvolle jaar vir ons tennis en mini-tennis leerders. Met 'n toegewyde afrigter oom Craig, asook ‘n ongelooflike groep spelers en 'n goed georganiseerde oefenprogram, het ons leerders nie net hul vaardighede verbeter nie, maar ook fantasties gevaar.

Die jaarlikse oefensessies het gemiddeld vier keer per week plaasgevind. Onder leiding van ons ervare afrigters het die leerders nie net die tegniese aspekte van die sport verbeter nie, maar ook hul fisiese fiksheid

en geestelike weerbaarheid. Oom Craig, juffrou Este asook die ander afrigters het 'n gebalanseerde benadering gevolg, met 'n fokus op:

Basiese tennisvaardighede, insluitend “voorhand houe, rughand houe, afslane en lughoue”. Speletjies en oefeninge wat spanwerk en sportmanskap bevorder is weekliks ingeoefen. Die tennis leerders het ook die geleentheid gekry om gedurende die eerste drie kwartale teen ander skole te kompeteer. Hier het die Fransies weereens hulself bewys en uitstekend gevaar.
Ons leerders het skitterend gevaar in verskeie plaaslike en streekskompetisies hier dink ons veral aan Mienke en Deané wat alreeds die streek verteenwoordig het. Daar was 10 leerders wat aan die OP-proewe deelgeneem het, wat werklik puik is. Ag van die leerders is uitgenooi na die volgende proewe en ons hou styf duimvas dat hul almal die span gaan maak. Supertrots op julle!
Hier kan ek nie genoeg vir oom Craig en Juf. Este genoeg dankie sê nie. In die middel van die jaar het Juf. Penny en Juf. Izma ook by die tennis aangesluit en sommer vinnig ingeskakel. Baie dankie julle is ‘n fantastiese span.

### 21.7.1 Mini-Tennis

Ons jong leerders se tegnieke en strategiese spel het ongelooflik verbeter, met 'n hele paar spelers wat op 'n hoë vlak en met groot passie deelgeneem het. Ruandré was een van ons spelers wat ook aan die OP –proewe deelgeneem het. Benewens tennisvaardighede, het die program ook gefokus op die algehele ontwikkeling van die leerders. Die spelers het: Waardes soos deursettingsvermoë, respek en spanwerk aangeleer. Hul selfbeeld en selfvertroue verbeter. Gesonde mededinging en sportmanskap ervaar.

Met 'n positiewe groei in ons tennisprogram, is ons opgewonde oor die potensiaal vir 2026. Ons beplan om meer byeenkomste en vriendskaplike wedstryde te organiseer. Ons hoop ook om die opleidings en vaardighede van ons afrigters voortdurend te verbeter, om die beste moontlike ervaring vir ons leerders te waarborg.

Dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van ons tennis- en mini-tennisprogram in 2025. Ouers, oumas, oupas, spelers, afrigters en ondersteuners het almal 'n belangrike rol gespeel. Ons sien uit daarna om in die volgende jaar nog meer wonderlike prestasies en ontwikkelings te bereik.

## 21.8 Krieket

### 21.8.1 o/9-Krieket

Vanjaar was die derde seisoen waarin Frans Conradie se o/9-krieketspan aan wedstryde deelgeneem het. Die span het vier wedstryde teen sterk teenstanders gespeel. Alhoewel hulle nie daarin kon slaag om ’n oorwinning te behaal nie, is ons trots op die groot vordering wat elke speler gemaak het. Ten spyte van ’n uitdagende seisoen het die spelers se vaardighede merkbaar verbeter, en hul entoesiasme en spangees bly inspirerend.

Ek sien met groot opgewondenheid uit daarna om te sien wat hierdie span, wat meestal uit Graad 2 leerders bestaan, volgende jaar kan bereik.

**21.8.2** **<u>o/11-Krieket</u>**

Die o/11-krieketspan het hierdie jaar teen baie goeie opponente gespeel. Die krieket deelname het baie gestyg die afgelope jaar en dit is 'n plesier om sulke entoesiastiese jong seuns af te rig.

Daar is vele wedstryde gespeel waar sommige van ons krieketspelers meer as 50 lopies aangeteken het. Deur die jaar het elke speler baie ontwikkel en baie nuwe vaardighede geleer.

Baie dankie vir elke ouer se ondersteuning en elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

**21.8.3** **<u>o/13-Krieket</u>**

Die o/13-krieketspan het hierdie jaar baie goed vertoon teen baie sterk opposisie. Ons krieket gaan van krag-tot-krag en dit is ‘n plesier om met sulke entoesiastiese jong manne te werk.

Al het ons hierdie jaar minder wedstryde gespeel weens ongunste weerstoestande, het die manne steeds met groot toewyding en energie by elke oefening opgedaag. Alles is moontlik met die regte houding.

Ons Fransies presteer in die onderskeie hoërskole en dit kan net moontlik gemaak word deur ‘n sterk basis. Ons sien uit na volgende seisoen, met nuwe uitdagings, meer wedstryde en die geleentheid om voort te bou op die sterk basis wat hierdie jaar gelê is.

Baie dankie vir elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

**21.9** **Redenaars**

Hierdie jaar het 30 leerders deelgeneem aan die eerste interne ronde van die ATKV Redenaars by ons skool. Ons is dankbaar teenoor Mnr. Jaco Gerber vanaf die ATKV wat ons elke jaar kom help met die beoordeling. 18 graad 1 – 7 leerders het deelgeneem aan die ATKV ronde in Humansdorp op 26 April. Imogen Killian, Ewanke Swanepoel, Zani van Rooyen en Luané Kleinhans het deurgedring na die semifinale ronde. Luané Kleinhans het 10de geëindig in die semifinaal. Ons is trots op al ons ATKV Redenaar Sprekers.

**21.10** **Spelmarathon / WOW Fees**

Die leerders het weer hard geleer hierdie jaar aan hul spelwoorde. Die graad 3 en 7 leerders het ‘n uitdun rondte gehou om te bepaal wie sou deelneem aan die Spelkampioenskappe. Tydens die kampioenskappe is Aiden Haefele in graad 3 en Carly Claasen in graad 7 as die kampioene aangewys.
Ons het hierdie jaar vir die eerste keer in ‘n lang tyd deelgeneem aan die WOW-spelfees wat aangebied word deur Sanlam en die Universiteit van Stellenbosch. Op 26 Julie neem 19 leerders deel aan die kring kompetisie waarvan 13 leerders deur dring na die distrik kompetisie. Op 30 Augustus neem Luan Kolesky deel aan die finaal van hierdie kompetisie in Stellenbosch.

**21.11** **Karakterweek**

Ons het hierdie jaar in Kwartaal 1– 3 elke Kwartaal eienskappe van ‘n trotse Fransie behandel. Elke eienskap is ‘n week lank behandel. Eerlikheid en opregtheid, liefde, die vrugte van die gees, integriteit en burgerskap is van die eienskappe van ‘n ware Fransie. Die leerders het dit geniet om deur speletjies en bybelversies oor hierdie eienskappe te leer. Dit is vir ons belangrik dat ons leerders op alle gebiede hierdie eienskappe uitleef.

**21.12** **<u>Uitreik- Bejaardes</u>**

Die Leerderraad van 2025 het voortgegaan met ’n besondere en betekenisvolle tradisie deur Huis Najaar op ons dorp te ondersteun. Elke leerderraadslid is aan die begin van die jaar aan ’n “ouma” of “oupa” van die tehuis toegeken. Gedurende die jaar besoek die leerders hulle kwartaalliks, waar hulle gesels en saamlag, en waardevolle tyd van teenwoordigheid en aandag bied.

Hierdie uitreikprojek het ’n duidelike impak gemaak – nie net op die inwoners van Huis Najaar nie, maar ook op die leerders self. Die bejaardes waardeer die persoonlike aandag en maatskaplike interaksie, terwyl die leerders leer om empatie, respek en gemeenskapsdiens te beoefen. Die projek het ’n gesonde en positiewe wisselwerking tussen jong en oud geskep, wat die gemeenskapsgevoel binne die skool en die dorp versterk.

Die personeel van Laerskool Frans Conradie en die leerders spreek opregte dank uit vir die betrokkenheid van die Leerderraad. Hierdie projek beklemtoon die belangrikheid van diensbaarheid en die waardering vir elke generasie. Die skool sien uit daarna om hierdie tradisie voort te sit en verdere betekenisvolle bande met Huis Najaar te bou in die komende jare.

"Te dikwels onderskat ons die krag van 'n aanraking, 'n glimlag, 'n vriendelike woord, 'n luisterende oor, of die kleinste daad van omgee, wat almal die potensiaal het om 'n lewe te verander." – **Leo Buscaglia**

**22. <u>Provinsiale Verteenwoordigers</u>:**

Die volgende leerders is almal gekies as provinsiale verteenwoordigers in die onderskeie sportsoorte. Ons is saam met hulle en hulle ouers TROTS op die besonderse prestasies

| | |
|---|---|
| O.P. Tennis | Deané Mulder<br>Mienke Minné |
| O.P. Rugby | Aiden Jordan |
| O.P. ASA Atletiek | Caitlyn Coetzer<br>Conner van Rooyen<br>Mienke Minné |
| O.P. Boogskiet | Elsje-Jané Raubenheimer<br>Liam Wait<br>Karu Engelbrecht |
| O.P. Stoei | Malan Strydom |
| WOW Spelfees | Luan Kolesky |

**<u>Die volgende leerders het Nasionale Federasie kleure in ballet</u>**

| | |
|---|---|
| SA Ballet | Shandukani Mahagalala<br>Tamaryn Botha<br>Milan Klue<br>Luané Kleinhans |

**23. <u>Borge</u>**

ABSA Despatch
Advanced Cooling
Algoa Toyota Uitenhage
Art@licious – Anneline Mulder
ATKV
Atlas Sekuriteit
Broodjie-projek ouers
Build-It
BVSA
Caren Rabie
Craig Mulder
Dameskring
Despatch Superspar
Danielle Erasmus & Gesin
Dr. Herselman
Dentist @ Health
D. de Ridder
DHL
D.G. Manufacturing – Danie Gerber
Dormehl Phalane
Estelles
exp S.A. Paul Gierke
Forever Friday
GAP Management
Glendoor Sand & Stone
Gys Fourie
Handy House Meubels – Frikkie Meyer
Heinrich Gerber
Ietsie Bietsie
J.J. van Niekerk
Juan Slabbert
Johan Barnardo
Jowat Adhesives
Juanita Burger Prokureurs
Klinicare Despatch
Kolbe Blocks
Loritas
LS Tooling
Marieta Stander
Marchant Muller – Crash Motors
Melanie Vlooh
Mnr & Mev Roux
Morne Oelofse
Nicola Kleinhans
Nicole Transell
Nyosi Wildlife Reserve
Oasis Uitenhage
OK Mini Mark Despatch
Peter Benn
Pick 'n Pay Despatch
Pikkewouters
PG Glass Uitenhage
PSG – Charles Meyer
Quest Motors
Realty One
Riaan Muller
Richard Simpson
Ryno Els
Sandman
SA Home Loans
Schoonraad Manufacturing
Smallville Packaging
Steffens Gesin
Symara Knitwear
SRCC – Stefan Perold
Supa Crush
Swift Electrical
Top Up Despatch
Ubuntovent
UD Sports
Vergenoegd Slaghuis
Wild Rapids Spur – Pieter Kruger
YG Tech
4 Seasons Aircondition & Refrigeration
4 Seasons Winkel

Al ons ander getroue ondersteuners, borge, donateurs en skenkers.

**BORGE SOOS OP 04 November 2025**

**BAIE DANKIE VIR ALMAL SE VRIENDSKAP, LOJALITEIT EN ONDERSTEUNING GEDURENDE 2025 AAN MY EN LAERSKOOL FRANS CONRADIE.**



**Z.J. GROBLER**
**SKOOLHOOF**


FRANSIES RUGBY
ONDERSTEUN DEUR
SPUR
STEAK RANCHES
PRO-ECCLESIA
schoolwear & more
PSG
KOM BEDERF JOUSELF
DESPATCH
SUPERSPAR
Tel: 041 933 3237
KOLBE
BLOCKS
SWIFT
ELECTRICAL & SOLAR
OK Express
TopUp
GOOD TO GO
VAN DER MERWE
PROPERTY GROUP
CJ
PARTNERS
TRANSPORT
PROJECT PATRONAGES
AVBOB
MUTUAL SOCIETY
www.insulatedtechnologies.com
INSULATED
TECHNOLOGIES
WE INSULATE...YOUR WORLD
KLEUTERLAND
BOU STERK
065 963 1374
Symara
KNITWEAR
MANUFACTURERS OF QUALITY CLOTHING
DESPATCH EASTERN CAPE SOUTH AFRICA
Since the 50's
www.play
SupaCrush
CRUSHING AND MINING CONTRACTORS
Ubulomku scrapmetal
ondersteuners wat drome n werklikheid maak!

# KNIPMES EN SPIT 2025

**Baie dankie aan almal wat bydraes, skenkings en donasies gemaak het vir ons Knipmes en Spitaand. U ondersteuning het die aand 'n groot sukses gemaak! Ons Fransies waardeer u elkeen.**

Rysie van Rijswijk
Danie Gerber
Riaan Muller
Nico Eyre, Klinicare Despatch
Heinrich Gerber
Richard Simpson
Pieter Benn
Wiehann Steffens
Bonito Fourie, OK Despatch
Piet Bosch
Splitting Image Taxidermy
PñP Despatch
Gerrie Craukamp, AVBOB.

Hein Stumke, Aalwynhoek
R. Bessinger, Smallville Packaging
Boetie Steyn, Brakkefontein
Oupa en ouma Flip en Jo Fouché
Samantha Potgieter, Symara
H2O Cubes (Purified water)
Built It Uitenhage
Stay wild by Nicci
Art@licious, A. Mulder
Dewtron, Despatch
BVSA
FOV-ouers
**Al die veilingkopers**

Ons skool, ons storie, ons trots.